Vrydag 9 Oktober
Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13:1-13
Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:4-10
Pinkster: Liefde as die vrug van die Gees in God se kind

Die liefde is meer as 'n eienskap! Die liefde vorm die identiteit van God se gemeente! Vroeër was ons identiteit gerig op onsself en ons voorkeure. Net soos die gemeente in Korinte wat oor hulle eie geestesgawes gespog het! Maar die Here gee deur sy Woord en Gees 'n nuwe liefde in ons: die ware liefde, *Agapé*, wat Hy aan ons aan die kruis betoon het. Dié liefde word aan diegene wat die minste daarvoor kwalifiseer, gegee. Hy skuif sy eie belange opsy en gee Homself weg deur ons met God te versoen. Hiermee maak ons egoïstiese verstaan van liefde plek vir sy opofferende liefde ons en so baie ander mense! Die wonder is dat ons nou reeds hierin kan deel in die tyd tussen sy koms en sy wederkoms!

Daarom, laat staan jou eie belange en gee nuwe smaak aan hierdie wêreld deur Jesus Christus te volg. Bou so God se nuwe wêreld uit tot die volmaakte kom waarin Hy vir ewig vereer en verheerlik sal word en Hy alles in almal sal wees!

Onthou: Deur die werking van sy Woord en Gees in ons word ons al hoe meer gelei om as 'n nuutgemaakte geloofsgemeenskap onsself te verloën en te kruisig om binne 'n sondegebroke wêreld as mense met God se nuwe identiteit sy nuwe wêreld te vertoon en uit te bou!

*Sing: Skrifberyming 9-4:1, 5*

*Ds. SFF (Steve) van der Walt (Kathu/Olifantshoek)*